



2020

TRADISIONELE RYPERD : 3-GANG, 5-GANG & VERTOONPERD TRADITIONAL RIDING HORSE : 3-GAITED, 5-GAITED & SHOW HORSE

2020: DOKUMENT C 11 | DOCUMENT C 11

(Verw. C4 Kruisinskrywings | C5 Algemene Skoupraktik & Etiket | C6 Klere drag)

(Ref. C4 Cross entries | C5 General Show Practice & Etiquette | C6 Dress Code)

	INHOUD	INDEX
1	SKOUKLASSE	SHOW CLASSES
2	ALGEMENE TOERUSTING VAN DIE PERD	TACK
2.1	TOOMS, STANGE & TRENSE	BRIDLES & BITS
3	BEWEGING VAN DIE 3- & 5-GANG PERD	MOVEMENT OF THE 3- & 5 GAITED HORSE
3.1	TRADISIONELE GANGE & KRITERIA	TRADITIONAL GAITS & CRITERIA
4	POSISIE VAN DIE RUITER	POSITION OF THE RIDER
4.1	ALGEMENE POSTUUR	GENERAL POSTURE
6	ALGEMENE BEOORDELAARSKRITERIA	GENERAL JUDGING CRITERIA
6	TRADISIONELE 3-GANG	TRADITIONAL 3-GAITED
6.1	SKOUKLASSE	SHOW CLASSES
6.1.1	Beoordelaarskriteria vir die Tradisionele 3-gang Ryperd	Judging criteria for the Traditional 3-gaited Riding Horse
6.1.2	Beoordelingsprosedures vir die Tradisionele 3-gang Ryperd	Judging procedures for the Traditional 3-gaited Riding Horse
6.1.3	Beoordelingsprosedures vir die Tradisionele 3-gang Plesierperd	Judging criteria for the Traditional 3-gaited Pleasure Horse
7	TRADISIONELE 5-GANG	TRADITIONAL 5-GAITED
7.1	SKOUKLASSE	SHOW CLASSES
7.1.1	Beoordelaarskriteria vir Tradisionele 5-gang Ryperd	Judging criteria for the Traditional 5-gaited Riding Horse
7.1.2	Beoordelingsprosedures vir die Tradisionele 5-gang Ryperd	Judging procedures for the Traditional 5-gaited Riding Horse
7.1.3	Beoordelingskriteria vir die Tradisionele 5-gang Plesierperd	Judging criteria for Traditional 5-gaited Pleasure Horse
8	3-GANG VERTOONPERD	3-GAITED SHOW HORSE
8.1	SKOUKLASSE	SHOW CLASSES
8.1.1	Rystyl	Riding Style
8.1.2	Beoordelaarskriteria vir die Vertoonperd	Judging criteria for the Show Horse
8.1.3	Beoordelingsprosedures vir die Vertoonperd	Judging procedures for the Show Horse

1. SKOUKLASSE / SHOW CLASSES

Die skouklasse word in die volgende afdelings verdeel. Daar word geen kruisinskrywing tussen afdelings toegelaat nie.

The show classes are divided into the following sections. No cross entries are allowed between these sections.

- Tradisionele 3-Gang Klasse | *Traditional 3-Gaited Classes*
- Tradisionele 5-Gang Klasse | *Traditional 5-Gaited Classes*
- 3 Gang Vertoonperd Klasse | *3 Gaited Show Horse Classes*

Verw. Dokument: C3, 2020: Kruisinskrywings / Cross Entries

- | | |
|-----|--|
| 2.1 | 'n Perd mag net in EEN van die ouderdomsgroepe per AFDELING ry. A Horse may only participate in ONE age group per section. |
| 2.2 | 'n Ruiter mag slegs in EEN ouderdomsgroep per skou-AFDELING ry. A Rider may only participate in ONE age group per show SECTION. |
| 2.3 | 'n Perd mag NIE in Mans- EN Dames ryperd klasse deelneem nie. A horse may NOT take part in Ladies AND Gentlemens riding horse classes. |
| 2.4 | 'n Perd mag NIE in beide Mans- EN Dames Tuigklasse deelneem nie. A horse may NOT take part both in Ladies AND Gentlemens Harness class |

2. ALGEMENE TOERUSTING VAN DIE PERD | GENERAL EQUIPMENT OF THE RIDER

2.1 TOOMS & GEBIT | BRIDLES & BITS

Voorskrifte t.o.v. gebit | Rules with regard to bits

- Die maksimum lengte van die teuelbalk (vanaf die mondstuk tot waar die stangteuel vasheg), is 12cm
- Daar is geen verdere voorskrif t.o.v. mondstukke nie.
- Stange moet ten alle tye netjies vertoon.
- Stange moet voorsien wees van 'n kenketting (met of sonder 'n rubber of leer omhulsel), en 'n lipbandjie (indien daar 'n ringetjie is).
- Dit is die ruiter se verantwoordelikheid om die gebit op 'n verantwoordelike wyse te gebruik.
- Die gebruik van mondstukke wat wreedheid teenoor die perd tot gevolg het, sal lei tot diskwalifikasie.

- *The maximum length of the cheek pieces (from the port of the mouth piece to the connection of rein ring), is 12cm.*
- *There are no further prescriptions for mouth pieces.*
- *Mouth pieces must neat at all times.*
- *Mouth pieces must have a curb chain, (with or with out rubber or leather covering), and a lip strap (if there is a ring on the bit).*
- *It is the rider's responsibility to use the bits responsibly.*
- *The use of bits that are cruel to the horse, will lead to disqualification.*

Slegs die volgende drie tooms word toegelaat: | Only the following bridles are allowed:

- Dubbel toom met stang, skelmtrens, kenketting, lipbandjie en gewone neusband.
- Enkel toom met 'n stang, kenketting, lipbandjie, dubbelteuels en gewone neusband.
- Enkel toom met 'n trens en gewone neusband.

- *Double bridle with a bridoon, curb (perlharn), curb chain, lip strap and cavisson nose band.*
- *Single bridle with pelham, chin chain, lip strap, double reins and cavisson nose band.*
- *Single bridle with snaffle and cavisson nose band .*

Slegs die volgende neusbande word toegelaat | Only the following nose bands are allowed:

- *Cavisson nose band*
- *"Dropped" nose band*
- *"Grackle / Mexican" nose band*
- *"Flash".*

2.1.1 Dubbel toom met stang, skelmtrens, kenketting, lipbandjie en gewone neusband ("Caveson"). Double bridle with a curb (pelham), bridoon, curb chain, lip strap and Caveson nose band.

C11, 2020: Tradisionele 3-gang, 5-gang & Vertoonperd | Traditional 5-gaited, 5-gaited & Show Horse

Commented [P1]:

Voorbeelde van Stange: | *Examples of pelhams:*

- Stange met geboë mondstukke | *Ported pelham*
- Stange met reguit wang- en teuelbalke | *Straight pelham*
- Stange met glyende mondstuk (*Weymouth*) | *Weymouth*

As die dubbeltoom korrek pas, sal die skelmtrens in die hoek van die bek sit, een velvou maak en die stang sal net onder/voor die trens rus en nie bo-op mekaar sit nie.

If the double bridle fits correctly, the bridoon will be placed in the corner of the mouth, with one fold, and the curb just under/in front of the bridoon, and not on top of it.

Voorbeelde van skelmtrense | *Examples of bridoons (snaffles):*

- Gewone skelmtrens met een stel los ringe en een skakel in die mondstuk.
- Skelmtrens met skarniere. ("Egg-butt").
- Skelmtrens met wangstukke.

- *Loose ring linked snaffle*
- *Egg-butt snaffle*
- *Hang cheek snaffle.*

2.1.2 Enkeltoom met 'n stang, kenketting, lipbandjie en gewone neusband. ("Cavesson") *Single bridle with a curb (pelham), curb chain, lip strap and cavesson nose band.*

Vereistes t.o.v. die gebruik van stange | *Requirements for the use of pelhams*

- 'n Stang, met 'n enkel teuel en teuelverbindings ("rein connectors"), mag net deur kinders 0/15 gebruik word.
- Juniors en volwassenes mag hierdie stange net met dubbelteuels gebruik.
- Slegs 'n gewone neusband ('Cavesson") mag by hierdie toom gebruik word.

- *Pelham with a single rein, and rein connectors, may only be used in U/15 children's classes.*
- *Juniors and adults may only use pelhams with double reins.*
- *Only cavesson nose bands may be used.*



Voorbeelde van stange | *Examples of pelhams*

- 'n Stang met dubbel teuels ("Pelham"), kenketting en lipbandjie.
- Variasies van hierdie stang bv. met glyende of los mondstuk. ("Mullen mouth").
- Stange met 'n reguit mondstuk.
- Stange met 'n tonggroef.
- Stange met 'n skakel in die mondstuk.

- *A pelham with double reins, curb chain and lip strap.*
- *Mullen mouth.*
- *Straight pelham.*
- *Ported pelham.*
- *Linked pelham.*

2.1.3 Enkeltoom met 'n trens en neusband | *Single bridle with snaffle and nose band*

Voorbeelde van trense | *Examples of snaffles*

- D-Trens | *D-ring snaffle*
- Trens met skarniere | *Egg-butt snaffle*
- Duitse trens met los ringe | *German snaffle or Loose ring snaffle*
- Franse trens met dubbel skakel | *French link snaffle*
- Rubber of nylon trense | *Happy mouth*

Die gebruik van mondstukke wat wreedheid teenoor die perd tot gevolg het, sal lei tot diskwalifikasie.

The use of bits that result in cruelty against the horse, shall lead to disqualification.

Verw. Dokument C5: ALGEMENE SKOUPRAKTYK & ETIKET

5.5 BLOED REËL / BLOOD RULE

'n Perd met sigbare bloed tydens die verloop van 'n klas, sal na die middel van die arena geroep word en by die baanmeester aanmeld.

- Die bloed mag (in die arena) met 'n handdoek afgevee word om dit te stop.
- Indien die bloeding nie stop nie, word die perd gediskwalifiseer.
- Indien die bloeding stop, mag die ruiter weer by die klas aansluit. Indien bloed weer sigbaar word op dié perd tydens die klas, word die perd gediskwalifiseer.
- Indien dieselfde perd weer bloeding wys nadat die perde aangetree het, word die perd gediskwalifiseer.
- Indien 'n perd die die eerste keer bloed wys in die aantree lyn, sal die beoordelaar daarop attent gemaak word, en die perd mag dalk laer plaas. Die perd word nie gediskwalifiseer nie.

REF. Document C5: GENERAL SHOW PRACTICE & ETIQUETTE

Any evidence of blood on a horse during a class will result in the exhibitor being asked to pull in and report to the Ringmaster.

- *The blood will be wiped with a towel (in the arena), to help stop and clear the blood.*
- *A horse with blood that cannot be cleared, and remains visible, will be disqualified.*
- *Once the bleeding has stopped, the exhibitor will re-join the class and the class will continue.*
Bleeding that re-occurs in the remainder of the class on the same horse, will result in the horse being disqualified.
- *If blood is seen on the same horse in the final line-up, the exhibitor will be disqualified.*
- *Should a horse show blood in the line up for the first time, the judge(s) will be notified, but the horse will not be disqualified. It may influence the final placing.*

3. BEWEGING VAN DIE 3- & 5 GANG PERD | MOVEMENT OF THE 3- & 5 GAITED HORSE

Die rasstandaarde van die SA Boerperd stel die volgende vereistes aan sy beweging, ongeag die gang waarin hy beweeg:
The breed standard of the SA Boerperd, states the following requirements of its movement, regardless of the gait of movement:

"Matige hoër, lang veerkragtige tree wat grond dek. Agter bene wat goed onder die lyf inwerk en gewig van die voorkwart wegneem. Al vier bene moet spoor, met ander woorde, reguit vorentoe beweeg wanneer van agter of van voor gesien."

'Moderately higher movement with long buoyant strides that cover ground. Hind legs moving in such a way as to transfer weight from the front quarter to the hind quarter. All four legs to move straight to the front when viewed from either the back or the front.'

Rasstandaard | Breed Standard 2014

Hierdie omskrywing vorm die basis vir die afrigting, vertoning en beoordeling van die Tradisionele 3- & 5-gang perd.
This description forms the basis for the training, showing and judging of the Traditional 3- & 5-gaited horse.

3.1 TRADISIONELE GANGE- & KRITERIA / TRADITIONAL GAITS & CRITERIA

3.1.1 Stap | Walk

- ✓ Stap is 'n duidelike 4-slag maat.
- ✓ Perd moet met lang veeragtige treë beweeg.
- ✓ Agterkwart moet aktief wees en met agterhoewe op of oor die voorhoef-spore trap.
- ✓ Perd moet flink en vloeiend vorentoe, met ewe lang tree, stap (ritmies) .
- ✓ Nek hoog en geboë.
- ✓ Kop in 'n vertikale lyn.
- ✓ Perd moet lig in die voorkwart bly, en sag en die ruiter se hande wees.
- ✓ SA Boerperde moet goed kan stap.
- ✓ Let op na ritme, impulsie en balans. (RIB)
- ✓ Perd moet lewendig lyk en gereed wees vir die volgende gang.
- ✓ Perd se ore moet na vore wys.

- ✓ *Walk is a clear 4 beat movement.*
- ✓ *The horse must walk with long buoyant strides.*
- ✓ *The hind quarters must be active, with the hind hooves tracking over the front hooves' spoor.*
- ✓ *Horse must move forward actively and fluently, with even rhythmic strides.*
- ✓ *Neck high hand curved.*
- ✓ *Head in vertical line.*
- ✓ *The horse must stay light on the forehand and soft in the riders' hands.*
- ✓ *SA Boerperde must have a good walk.*
- ✓ *Concentrate on Rhythm, Impulsion and balance.(RIB)*
- ✓ *The horse must look alert, and ready for the next gait.*
- ✓ *The ears must point to the front.*

Foute & diskriminasies: | Mistakes & discriminations

- * Perd se treë dek nie grond nie.
- * Perd konsentreer nie.
- * Perd is gespanne en tree te kort en/of onreëlmatig.
- * Perd drafstap of pas, d.w.s. nie meer 'n 4-slag maat beweging nie.
- * Perd vermy kontak en dra die kop te hoog of te laag, en die kop is nie stil nie.
- * Kop word skeef gedra.
- * Perd se kopprofiel is te ver voor- of agter die vertikaal.
- * Met te lang teuels stap en sodoende styl prysgee.
- * Nie aktief genoeg in die agterlyf nie, trap dus nie diep genoeg met sy agterbene nie.
- * Ritme, impulsie en balans (RIB) is versteur.
- * Spoor nie en/of stap skeef.
- * Perd lyk verveeld en ore hang.

- * *Horse does not have a normal spoor.*
- * *Horse does not concentrate.*
- * *Horse is tense with short and/or irregular strides.*
- * *The horse jogs or paces, i.e. not a 4 beat gait.*
- * *The horse avoids contact, with the head too high or too low, and does not walk with a still head.*
- * *Head carried skew.*
- * *Horse's head is too far over or behind the vertical.*
- * *Walks with loose reins, thereby losing style.*
- * *Not active enough in from behind, thus not tracking deep enough with hind feet.*
- * *Rhythm Impulsion & balance disrupted.(RIB)*
- * *Does not have a normal spoor, and walks skew.*
- * *Horse looks bored and ears hang.*

3.1.2 Draf | Trot

- ✓ Dit is 'n diagonale beweging met 'n 2-slag maat.

C11, 2020: Tradisionele 3-gang, 5-gang & Vertoonperd | Traditional 5-gaited, 5-gaited & Show Horse

- ✓ Hoë, lang veerkragtige tree wat grond dek.
- ✓ Die agterterhoeve trap duidelik op- of oor die voorhoef se spore.
- ✓ Die nek word hoog, en die skouer vry gedra.
- ✓ Die kop se profiel moet vertikaal wees.
- ✓ Die kop moet stil wees.
- ✓ Hakke word goed beset en beweeg energiek en veerkragtig.
- ✓ Die perd se rug moet soepel wees en die stert behoort op te lig en liggies heen en weer te swaai.
- ✓ Let op na ritme, impulsie en balans.

- ✓ *It is a diagonal 2 beat movement.*
- ✓ *High buoyant strides that cover ground.*
- ✓ *The hind hooves must track clearly over or on the front hoofs' spoor.*
- ✓ *The neck is carried high, and shoulder free.*
- ✓ *The head must be on the vertical.*
- ✓ *Head must be still.*
- ✓ *The hocks must be well engaged with buoyant and energetic movement.*
- ✓ *The horse must be supple through the back and the tail must swing from side to side.*
- ✓ *Rhythm, Impulsion & balance are important.*

Foute & diskriminasies: | *Mistakes & discriminations*

- * Perd se kop is nie vertikaal nie.
- * Perd lê in die ruiter se hande (op die voorhand) of hol nek.
- * Kop en nek is skeef.
- * Beweeg nie reguit vorentoe nie. (Spoor nie.)
- * RIB is foutief.
- * Aankap en raak trap (balans versteur).
- * Te vinnig draf en styl verloor.
- * Kort tree met hoë knie aksie.
- * Hakke wat agterbly
- * Nie van agter oor die voorhoef se spoor trap nie.
- * Agterbene word oopgemaak.
- * Deurslaan na ander gange.
- * Swak transisies.

- * *Horse's head not on the vertical.*
- * *Horse is heavy on the forehand and heavy in the rider's hands. Hollow back.*
- * *Skew neck.*
- * *Does not have a straight track, does not move straight forward.*
- * *RIB not correct.*
- * *Overreach or knocks on (balance disrupted);*
- * *Too fast, losing style.*
- * *Short stride with too high knee action.*
- * *Hocks stay behind*
- * *Does not track on front spoor from behind.*
- * *Hind legs open.*
- * *Switches over into other gaits.*
- * *Bad transitions.*

Kommentaar / *Comments:*

- Daar kan maklik te min waarde aan 'n vyfgang perd se draf geheg word.
- *Give enough attention to the trot of the 5-gaited horse.*

3.1.3 Galop | *Canter*

- ✓ Dit het 'n 3-slag maat.

- ✓ Die galop by driegang perde is effens meer gekollekteer, daarom sal die perd se raamwerk korter vertoon alhoewel geen aksie en krag ingeboet word nie.
- ✓ Die galop behoort vry, aktief en reëlmatig te wees.
- ✓ Die perd moet reguit galop, d.w.s. spoor.
- ✓ Die nek moet hoog en geboë wees met die kop effe voor die vertikaal.
- ✓ Meeste van die gewig word op die agterbene gedra, voorlyf gelig en ore belangstellend na voor.
- ✓ Die transisie na 'n galop en terug na 'n draf, moet glad en reguit wees sonder 'n eerste groot galop tree.
- ✓ Alhoewel verkies word dat perde in tradisionele klasse vanuit 'n stap galop en direk uit die galop weer stap, is dit 'n hoogs geskoolde beweging en sal dit nie 'n vereiste wees nie. In sterk kompetisie mag dit 'n bepalende faktor wees.
- ✓ Ritme, impulsie en balans moet steeds behou word.

- ✓ *3- beat rhythm.*
- ✓ *In 3-gaited classes, the canter is more collected, therefore the horse's frame will appear shorter, though no strength is lost.*
- ✓ *The canter should be free, active and rhythmic.*
- ✓ *The canter must be straight and the hind legs must track in the front spoor.*
- ✓ *The neck must be high and curved, a little in front of the vertical.*
- ✓ *Most of the weight is carried on the hind legs, fore quarts lifted and ears interested and pointing to the front.*
- ✓ *The transition to the canter and back must be smooth and straight, without the first stride being large.*
- ✓ *Although it is preferred that the canter takes place directly to the walk and back, it is a highly schooled movement that is not compulsory. In strong competition, it may be taken into account in final placings.*
- ✓ *Rythm, Impulsion, Balance.*

Foute & diskriminaies | *Mistakes & discriminations*

- * 4-Slag maat galop as gevolg van swak skoling, styfheid of te min impulsie.
- * Oorkruis of koei-galop – dit is wanneer die perd of sy voor- of agterbene verander in die galop as gevolg van die ruiter wat ongebalanseerd in die saal sit. Die perd lei bv. met die regterbeen, maar die ruiter se gewig is na links verplaas.
- * Perd spoor nie, want die agterkwart word na binne of buite gegooi en galop dan nie reguit nie.
- * Ruiter wat sy gewig gooi in die rigting waarin die transisie verlang word, of die perd skeef draai.
- * Perd wat nie genoeg grond dek nie.
- * Nie genoeg veerkrag nie.
- * Galop treë te lank, bv. by ongeskoolde, stywe jong perde.
- * RIB is versteur en slaan deur.
- * Perd se kop nie op of effe voor die vertikaal nie.
- * Perd gooi ruiter uit die saal (Wip).
- * Perd se kop is skeef.
- * Lê in die ruiter se hande en/of bied weerstand teen sy hande.
- * Perd is gespanne.
- * Perd lei met die verkeerde been.
- * Perd buite beheer en versteur ander.

- * *4-beat canter as a result of bad schooling, stiffness or not enough impulsion.*
- * *Disunite – i.e. when the horse changes its fore- or hind legs in the canter, as a result of the rider that is unbalanced in the saddle. Eg. the horse leads with the right front, but the rider's weight is on the left.*
- * *The horse does not track normally because the hind quarters are thrown to the in- or outside. The horse also does not canter straight.*
- * *Rider throws his/her weight in the direction of the transition asked, and the horse is turned skew.*
- * *Horse does not cover enough ground.*
- * *Not enough buoyancy.*
- * *Canter stride too long for eg. in unschooled, or stiff young horses.*
- * *RIB.*
- * *Horse's head is skew and not slightly in front of the vertical.*
- * *Horse throws rider out of the saddle (Bouncing)*
- * *Head is skew.*
- * *The horse is heavy in the rider's hands.*
- * *Horse is tense.*
- * *Leads with the wrong leg.*
- * *Horse is out of control, and disrupts the class.*

Kommentaar: | *Comments*

- Daar moet veral gelet word op die gemak waarmee die ruiter in die saal sit tydens die galop.
- Die eweredigheid en gemak van transisies is van die uiterste belang.

- *The rider should take note that the canter should be comfortable in the saddle.*
- *The evenness and ease of transitions are of utmost importance.*

3.1.4 Kortgang | *Slow-gait*

Dit is 'n stadige laterale ongelyke 4-slag ritme met 'n tussenpose tussen die laterale hoeë wanneer hulle die grond tref. Die agterhoef aan die een kant tref die grond 'n kort interval voor die voorhoef aan dieselfde kant, wat lei tot twee stelle van twee hoefslae elk, naamlik. 1-2---3-4.

- ✓ Dit is 'n lewendige en aanskoulike gang.
- ✓ Dit word gedoen onder die mees strawwe maar elastiese kolleksie.
- ✓ Baie windmakerig, maar stadig en gemaklik (ongeveer 8 km/h).
- ✓ Hakke van perd gebuig, met hoë voor aksie.
- ✓ Anders as die trippel, beweeg die agterbene nie diep onder die perd in nie.
- ✓ Sterk skouerbeweging: die skouer is vry en lig.
- ✓ Kop en nek word hoog gehou en die profiel is effe voor die vertikaal.
- ✓ Ore is lewendig en na voor gedraai.
- ✓ Die voorhoeë moet lyk asof hulle 'n oomblik in die lug hang voordat hulle weer afwaarts beweeg.
- ✓ Die romp van die perd is hoër voor as agter, d.w.s. die perd "sit" effe.

A slow lateral and uneven 4-beat rhythm, with a pause between the laterals before hitting the ground. The hind hoof on the one side, hits the ground a short interval before the front hoof on the same side, leading to two sets of hoof beats, i.e: 1-2---3-4.

- ✓ *It is a lively and appealing gait.*
- ✓ *It is executed under the utmost, but elastic collection.*
- ✓ *Exciting, but slow and easy (± 8 km/h)*
- ✓ *Hocks must be bent before action.*
- ✓ *Other than the rack, the hind legs does not work deeply from behind.*
- ✓ *Strong, free and light shoulder movement.*
- ✓ *Head and neck are held high and the profile is a little in front of th verticle.*
- ✓ *Ears point interestedly to the front.*
- ✓ *The front hoofs must look as if they are hovering in the air for a moment, before coming down.*
- ✓ *The rump of the horse is higher in the front, than the back, i.e. the horse is "sitting" a little.*

Foute & diskriminasies: | *Mistakes & discriminations*

- * Die perd doen 'n stadige trippel.
- * Die perd pas.
- * Nek hol en neus in die lug.
- * Galop met agterbene.
- * Slaan deur na 'n ander gang.
- * Die perd ry skeef.
- * Te stadig.
- * Perd bied weerstand teen die ruiter se hande.

- * *The horse does a slow rack.*
- * *The horse paces.*
- * *The neck is hollow, and nose in the air.*
- * *Canter with hind legs.*
- * *Does not hold the gait.*
- * *Rides skew.*
- * *Too slow.*
- * *The horse resists the rider's hands.*

3.1.6 Trippel | *Rack*

Dit is 'n vinnige 4-slag laterale beweging met 'n gelykmatige ritme, naamlik 1-2-3-4.

- ✓ Diagonale hoewe tref die grond amper gelyk.
- ✓ Vier hoefslae moet afsonderlik gehoor word.
- ✓ Profiel van perd se kop effe voor die vertikaal.
- ✓ Die nek buig net agter die ore.
- ✓ Dek baie grond sonder om vorm en styl te verloor.
- ✓ Sterk skouerbeweging.
- ✓ Agterbene beweeg diep onder die perd in.
- ✓ Voorbeen aksie is hoog.
- ✓ Spoed, gemak en styl is belangrik.
- ✓ Vertoon na beide kante toe.

A fast 4 beat rhythm and even lateral movement, i.e. 1-2-3-4.

- ✓ *Diagonal hoofs hit the ground nearly simultaneously.*
- ✓ *Four hoof beats must be heard separately.*
- ✓ *The profile of the horse is a little in front of the vertical.*
- ✓ *The neck is bent just behind the ears.*
- ✓ *Ample ground is covered without losing form and style.*
- ✓ *Strong shoulder movement.*
- ✓ *Hind legs work deeply in from behind.*
- ✓ *Front leg action is high.*
- ✓ *Speed, comfort and style are important.*
- ✓ *Show to both sides.*

Foute & diskriminasies: | *Mistakes & discriminations*

- * Perd slaan deur na 'n ander gang.
- * Perd verloor styl (word plat).
- * Hakke bly agter.
- * Bene maak agter oop.
- * Spoor nie.
- * Perd se neus na vore met kop in die lug.
- * Verloor kolleksie.
- * Ongebalanseerd.
- * Galop agter omdat perd te hard gedryf word.
- * Perd pas en gang is nie suiwer nie.
- * Perd se nek is hol.
- * Wonde en bloed aan bene en bek. (Dokument C5: Item 5.5)

- * *Horse loses the gait.*
- * *Horse loses style.*
- * *Hocks trail.*
- * *Hind legs open.*
- * *Hind legs do not track on the front spoor.*
- * *Nose to the front, head in the air.*
- * *Loses collection.*
- * *Unbalanced.*
- * *Canters with hind legs because horse is driven too hard.*
- * *Paces and gait is not pure.*
- * *Neck is hollow.*
- * *Wounds and/or blood on legs and mounth. (Document C5: Item 5.5)*

3.1.6 Halt | *Halt*

- ✓ Die perd moet lig in die hande wees met die nek geboë en kop hoog gedurende die halt, asook wanneer uit 'n halt gestap word.
- ✓ Perd moet sy gewig oor al vier sy bene reg onder hom versprei – vierkantig staan.
- ✓ Sy aandag moet heeltyd by sy ruiters wees en wag vir die volgende opdrag. Kop moet effe voor die vertikaal wees.
- ✓ Die halt is 'n "gang" en moet as sulks aandag kry.

- ✓ *The horse must be light in the rider's hand, with a curved neck and high head during the halt, as well as walking into and from a halt.*
- ✓ *The weight of the horse must be distributed evenly on all four legs to stand square.*
- ✓ *The rider must have the horse's attention and it must be ready for the next command. The head must be a little in front of the vertical.*
- ✓ *The halt is a "gait" and deserves attention as such.*

Foute & diskriminasies: | *Mistakes & discriminations*

- × Perd staan nie vierkantig nie.
- × Perd staan gestrek.
- × Perd bied weerstand met sy bek, kop en nek.
- × Perd kyk rond, trap rond of beweeg na voor of agter.
- × Perd laat een been rus.
- × Perd konsentreer nie.

- × *The horse does not stand square.*
- × *Horse stands parked.*
- × *Horse resists with its mouth, head and neck.*
- × *Horse looks around, does not stand still, or moves around.*
- × *Horse rests with one leg.*
- × *Horse does not concentrate.*

Kommentaar: | *Comments*

- Die halt is 'n goeie aanduiding van die vlak van skoling van 'n perd.
- Wanneer die perd uit die halt beweeg (tru of vorentoe) moet dit gehoorsaam, reguit, op die senterlyn, en met 'n vertikale kop profiel geskiet.

- *The halt is a good indication of the level of schooling of the horse.*
- *When a horse moves from the halt (backwards or frontwards), it must be obedient, straight, on the centre line, and with a vertical profile.*

4. DIE POSISIE VAN DIE RUITER | *POSITION OF THE RIDER*

Die elegansie en kundigheid waarmee die ruiter drie-en vyfgang perde vertoon, sal bydra tot die geheelbeeld van die perd in al sy gange. Swak ruiterkuns benadeel die perd se prestasie.

The elegance and competence with which the rider shows the 3- & 5-gaited horse, will contribute to the overall appearance of the horse in all its gaits. Incompetent rider skills places the horse at a disadvantage.

4.1 ALGEMENE POSTUUR | *GENERAL POSTURE*

Die klassieke dresseer posisie is gebaseer op 'n vertikale lyn, naamlik, die ruiter se ore, skouer, heupgewrig en agterkant van die hak wat so na as moontlik aan 'n reguit lyn moet wees.

- Die ruiter se voorarm en trensteuel moet 'n reguit lyn vorm.
- Die ruiter se hande, knieë en tone behoort byna 'n reguit lyn te vorm.
- Kop moet regop wees met ken horisontaal sonder om ken te laat sak of vorentoe te stoot.
- Ruiter moet trots maar gemaklik en ontspanne lyk.
- In die korrekte posisie, skuif die swaartekrag na agter sodat die perd lig in die ruiter se hande is.
- Perd en ruiter moet 'n eenheid word.

The classical dressage posture is based on a vertical line, namely: the rider's ears, shoulders, hips and back of heels, to be in as straight in line as possible.

- *The rider's forearm and snaffle bridle must form a straight line.*
- *The rider's hands, knees and toes must form a straight line.*
- *The rider's head must be held high and comfortable, with the chin held horizontally without dropping it or pushing it out.*

- *The rider must look proud, but comfortable and relaxed.*
- *In the correct posture, the centre of gravity moves to the back and the horse is light in the rider's hands.*
- *Rider and horse is united.*

4.1.1 Stap | Walk

- Ruiter beweeg ritmies saam met die perd met stil bolyf, en heupe gelyk.
- Sagte, stil en ferm hande.
- Bene en sitvlak beset die agterkwart.
- Die ruiter se bene behoort die perd ritmies en alternatiewelik aan te moedig om sy treë lank en kragtig te hou.
- Die perd moet "tussen die ruiter se hande en bene" wees.
- *Rider moves in rhythm with the horse, with the upper body held still and hips even.*
- *Soft, still but firm hands.*
- *Legs and backside sit firmly in the saddle.*
- *The rider's legs should encourage the horse rhythmically and alternately to keep its stride long and buoyant.*
- *The horse must be "in the rider's hands".*

4.1.2 Draf | Trot

- Die ruiter moet saam met die perd beweeg en nie agterbly nie.
- Ruiter moet op beide diagonale draf en wel sodat hy altyd saam met die buite been op en af beweeg.
- Die ruiter behoort so min as moontlik op te stoot, sonder 'n dubbelbons.
